

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

NR. 160, Junie 1981

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

DIE NAAM:

Jesus Christus

Ek glo in Jesus Christus

SOMMER net 'n NAAM?

Jesus is 'n Naam wat mens nogal baie hoor.

Party mense gebruik die woord om hulle frustrasie mee uit te druk.

Party mense gebruik dit as 'n handige stopwoord.

Party gebruik dit vir 'n vloekwoord.

Vir andere is die Jesus-Naam die as waarom hulle hele lewe draai.

Vir hulle is dié Naam die begin en die einde van hulle hele lewe.

Dié Naam maak dat hy selfs Maandae met 'n lekker hart kan werk
Dié Naam maak dat daar vreugde in hul huise is
Dié Naam bring 'n nuwe gesindheid tussen 'n man en sy vrou
'n Nuwe gesindheid tussen ouers en kinders
'n Nuwe gesindheid teenoor die man of vrou wat jou 'n pyn in die nek gee

Wat maak dié Jesus-Naam nou so besonders, so anders, so vernuwend?

Want weet jy dat *Jesus* in die tyd van die Bybel maar 'n naam was soos Koos of Piet of Jan in ons tyd? Jesus was maar 'n baie doodgewone naam. Baie mense se naam was in daardie tyd Jesus.

Maar die Kindjie van Maria — Jesus — het met so 'n gewone Naam vir ons iets kom bewys. Onthou, die Kindjie van Maria is op 'n wonderlike manier uit die hemel aan haar gegee. Hy kom uit die hemel uit.

Hy is God Self!

En dié God uit die hemel kom word 'n gewone mensekindjie met 'n doodgewone naam: Jesus!

Hy kom gewoon net terwille van ons gewone mense.

Vir dié Jesus uit die hemel was dit 'n moeilike en vernederende pad. Maar dit, alles ter wille van ons.

Nou beteken *Jesus* ook “die Here red”.

Dié Jesus kom red my en maak my los van die toue van my donker verlede; van al my skuldgevoelens oor die dinge wat verkeerd geloop het.

As iemand gevonnissen is tot tronkstraf vir vyf jaar, is dit gewoonlik 'n harde slag om te verwerk. Maar as daar nou na drie jaar by so iemand gekom word en hy ontvang kwytskelding vir die laaste twee jaar op grond van goeie gedrag, sê ons gewoonlik so iemand is begenadig. Hy is verlos van sy vonnis.

Maar dit weet ons tog.

As so iemand nou vir 'n betrekking moet aansoek doen, dan kleef die tronksmet nog altyd aan hom. Ja, al het hy al sy ontslagpapiere! Hy was in die tronk!

Daaraan ontkom jy nie so gou nie.

Dis die wonderlike van dié Jesus uit die hemel.

Hy verlos ons nie net uit die tronk van ons krom en verkeerde lewe nie.

Nee, want dan sou die tronksmet nog aan ons bly kleef.

Nee! Hy begenadig en verlos ons nie net uit die tronk nie. Hy vat ook die tronksmet van ons af, asof ons nooit in die tronk van 'n skewe en krom lewe was nie!

Dié Jesus sê: Jy kan leef of jy nooit in die tronk van 'n donker verlede was nie.

Dié Jesus-Naam?

Ja, dis my begin en my einde!

My alles!

Ferdie Postma.

DIE HEEL ENIGSTE!

Jesus is so 'n gewone naam. Maar gewoon, juis ter wille van ons. Want dié Jesus is by die gewoonheid so allesomvattend.

Dié Jesus is nie maar een van die “oplossings” vir die vrae en probleme van die lewe nie.

Hy is nie maar één van die “Volmakers” of “Saligmakers” nie!

Nee, Hy is dié Een!

Hy is die Enigste wat ons kan losbreek uit die kettings van ons donker afkoms.

Hy is die Enigste wat ons kan vasbind aan 'n stewig anker.

Hy, Jesus, is die Enigste, omdat sy Naam so alles te maak het met die wortel van ons probleme en moeilikhede.

Sy Naam *Jesus* is juis verbind met ons worstelstryd, met ons moeilikhede en probleme. Met al die skewe en krom dinge in ons lewe.

En tog probeer ons so graag wegkom van die gedagte dat daar in ons lewens dinge is wat net nie in orde is nie.

Dis die algemene kreet vandag: **Vergeet liever van die krom en skewe dinge!**

Dis verouderd en half sieklik om jou daarmee te bly moeg maak.

En dan volg die onvermydelike:

As ek my kromheid en skeefheid vergeet — dan sê dié Jesus vir my ook al minder.

Kom ons kyk bietjie na onself.

Vir hoeveel dinge kla jou gewete jou nie elke dag aan nie? Dinge wat net nie geloop het soos dit moes nie.

Kom ons sê ons doen elke dag drie verkeerde dade. Met drie 'n dag, word dit bykans 'n duisend verkeerde dade in 'n jaar.

As jy veertig jaar oud is, beteken dit **veertigduisend!** Dis maar bereken teen drie 'n dag.

Dink vir 'n oomblik daaraan dat jy met veertigduisend kriminele oortredinge voor 'n aardse landdroos staan! Jy het nie 'n kans om los te kom nie.

So staan ons voor ons hemelse regter.

Vol duisende krom en skewe dinge.

Self het ons nie 'n kans nie.

Net die *Jesus-Naam*.

Sy Naam het alles te doen met my krom en skewe dinge.

Hy is soos 'n dokter. 'n Dokter moet tog heel eerste 'n diagnose maak van 'n siekte. Hy moet weet waar kom die pyn en die koors vandaan. Anders sal hy nooit die regte medisyne en behandeling kan gee nie.

Die regte diagnose van die mens, jou en my siekte is ons eie krom en skewe lewens.

Jesus alleen kan ons gesond maak van alles waarmee ons worstel.

Nee, jy is nie te ver heen nie.

Jou paaie was nie te donker nie.

Hierdie Jesus is die Een wat jy kan neem op Sy Woord. As Hy sê Hy kan help met alles, dan is dit alles.

Maar nou weet ons jy sal nooit gesond word as jy net helfte van 'n dokter se medisyne gebruik nie.

So moet ons ook nie maar party krom en skewe dinge bly toesmeer, en so vir ons 'n skuiwergat vir môre oophou nie.

Nee, kom met jou hele lewe — deurmekaar en verkeerd soos dit is, na Jesus!

Hy is die enigste “Regmaker” en “Volmaker”.

Jesus is die enigste Saligmaker!

Ferdie Postma.

AMPTELIK — GESTUURDE!

Dié Jesus het sy aanstelling somer regstreeks uit die hemel ontvang. Jesus is dus ook amptelik aangestel.

Jesus is in die taal van die Bybel ook die Gesalfde.

— 'n ander Naam wat ons gee vir Gesalfde, is ook Christus.

Ons noem Hom dan ook *Jesus Christus*.

Die Naam **Jesus** sê en beteken: Ek maak salig; Ek maak heel wat stukkend is.

Die Naam **Christus** sê *hoe* Jesus heel maak en vol maak en wat Hy alles doen.

As ons iemand aanspreek as *dokter, professor of dominee* word die ampsnaam gebruik. Dis tog nie die persoon se naam nie, slegs sy ampsnaam.

So is **Christus** die ampsnaam van Jesus.

As 'n mens 'n ligstraal deur 'n glasprisma laat skyn, dan word die ligstraal opgebreek in sewe pragtige kleure.

As ons die Christus-Naam daardeur laat val, deel dit op in 'n paar fasette van Jesus se ampswerk, met ander woorde, hoe Hy sy werk doen.

Die **eerste faset** van sy werk is dat Hy ons wys hoe om los te kom van die krom en skewe dinge in myself.

Die mooie is juis dat Jesus weet waarheen elke mens op pad is. Wie kan beter as Hy ons help uit ons eie doolhowe?

Dié Jesus as Christus *wil* ons ook uitkry uit die moerasse waarin ons lewens so baie keer is. Hy het dit juis vir ons kom sê.

En die Jesus as Christus het dit juis in die Bybel vir ons kom sê.

Daarom staan daar in die Bybel al die dinge wat ek nodig het om dié Jesus as Christus werklik te leer ken.

En om Hom te ken, bring die antwoorde, die oplossings.

Die **tweede faset** wat uit die Christus-Naam straal, is dat Hy nie net vir jou en my die weg kom wys uit die doolhowe van ons lewe nie, maar dat Hy as 't ware die pad kom maak waarop ons daaruit kan kom.

Jesus het dus nie maar net by praat gebly nie.

Nie net iemand wat mooi en ware dinge gesê het nie. Dan sou dit maar weinig help.

Amper soos om aan 'n blinde die pad te wys, of vir iemand wat lam is te sê hy moet loop.

Jesus het as Christus die pad uit die moeras van ons lewe na die hemel gemaak met sy eie bloed.

En hierdie pad is die enigste wat ons ooit uit die doolhowe van ons lewe sal kry en op pad sal plaas na die hemel:

JESUS CHRISTUS.

Die **derde faset** van sy werk as Christus is nou om ons op die pad wat Hy gemaak het, te hou.

As ons van een plek na 'n ander ry, is daar talle tekens langs die pad wat ons help om by ons regte bestemming uit te kom.

Tekens wat ons help dat ons die pad ook reg gebruik en nie verongeluk nie.

So is die derde deel van Jesus as Christus se werk om ons met sy tekens en hulp op die pad te hou hemel toe.

En die tekens:

Die Bybel waarin alles vir ons opgeskryf is om die pad te hou.

Jesus as Christus

- Hy wys ons die pad.
- Hy maak die pad
- Hy hou ons op die pad.

Ferdie Postma.

DIE DOOD – REGTIG DIE EINDE?

Moontlik het jy jou nog nooit moeg gemaak oor die dood en sy finaliteit nie.

En tog. . .

Oor 'n paar uur, dit kan ook oor 'n paar minute wees, of miskien eers oor 'n paar jaar, gaan ook jou laaste sekonde aanbreek.

Jou horlosiewyser sal op een van daardie twaalf ure staan.

En daardie einste liggaam van jou sal 'n lyk wees.

Dis grusaam om dit te hoor.

Is dit nou regtig nodig om so met my oor die dood te praat?

Kom ons wees eerlik! Dis nie 'n bangmaak storie nie. Wat eintlik vandag vir jou gesê kan word, is die teendeel: Moenie vir die dood bang wees nie!

As ons dit sê, weet ons die dood is nie iets natuurliks nie. Dis onnatuurlik!

Dit was nie God se bedoeling om sterwende mense te maak nie.

God is tog die God van lewe!

Die dood vloek tog teen die lewe!

Tog, al is die dood onnatuurlik, hoef ons nie bang te wees nie.

Maar dan moet jy weet *waarom* nie.

Omdat Jesus in hierdie wêreld en aan die mense van hierdie wêreld kom sê het:

“Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe.” (*Joh. 11:25*)

Jesus bring die uiterste uiterstes bymekaar: Lewe en dood!

Hy sê dat die dood nie die einde is nie!

Hy sê dat die lewe aangaan al sterf jy.

Hy sê dus dat die dood die “wieg” is van die ewige lewe.

Is dit so?

Dit is werklik so, **maar...**

nie vir alle mens nie, want Jesus sê: “Wie in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe.”

Net vir die christen-mens is die sterwensoomblik die geboorte van die ewige lewe. Net vir hulle wat glo dat Jesus die opstanding en die lewe is.

As dit so is, breek die lewe en die ewigheid vir jou reeds aan voor jou dood.

As jy nou reeds van harte glo dat Jesus vir jou die opstanding en die lewe is, dan is jy nou reeds by die wieg van die ewigheid.

Dan is die “naby-horison” van jou lewe — die dood — reeds nou uitgeskuif, en lê jou horison in die ewigheid.

Dis geen bangmaak stories nie.

Net die waarheid om jou te bring by die wieg van die ewigheid.

Glo jy dit?

Ferdie Postma.

Die ranke aan die Druiwestok.

Christene!

Dis nogal 'n heel omstrede naam wat soms aan mense gegee word.

Dis 'n noemnaam wat baiekeer met die tong in die kies gesê word.

Want om die naam *christen* te dra, beteken dat jy êrens verbind is aan Christus.

Mense verwag nogal 'n sekere manier van doen van

hulle wat die naam christen dra.

Dis ook heel tereg so, want 'n christen is 'n volgeling van Jesus.

'n Christen is iemand wat stewig verbind is aan Jesus.

Die twee — christen en Christus — hoort bymekaar. Soos 'n liggaam sonder 'n hoof nie volledig is nie. Soos 'n druiwestok en sy lote bymekaar hoort.

Om die christen-naam te dra, beteken nie maar net om 'n nie-Jood of 'n nie-Mohammedaan te wees nie, maar dat ek vasgeheg is aan die stam van die druiwestok.

Dat dit wat in die druiwestok vloei, eindelijk ook deurvloei in my as 'n loot.

Dat dit wat in Christus gebeur, ook met my as christen gebeur.

As Christus doen Jesus sy werk in drie fasette:

Hy wys ons **eerste** hoe om los te kom van die skewe en krom dinge in myself. As 'n loot op 'n verkeerde plek vas is aan die druiwestok, dan kry jy waterlote. Dis lote wat al die sap opsuig en alleen blare produseer en geen vrugte nie.

As Christus ons dus in sy werk wys dat ons waterlote is en eintlik met sy sap moet vrugte dra en nie net blare nie, beteken dit dus dat ons wat die christen-naam dra, ook die trosse druiwe moet dra wat wys watter soort sap is in die druiwestok.

Die christen moet dus Christus “adverteer” in die vrugte wat hy dra.

Ons moet sê dat Christus ons uit die moeras kom uithaal het.

Hy maak as Christus in die **tweede faset** ook die pad uit die moeras uit.

Hy het met sy eie bloed die pad gemaak.

En as ek nou aan Hom vasgemaak is, vra dit van my om, soos Hy, my hele self tot sy beskikking te stel.

Is dit nie juis opmerklik dat 'n loot wat aan 'n druiwestok vas is, eintlik daar is net ter wille van die druiwestok nie?

Om vrugte te dra.

Want 'n loot is nie goeie brandhout nie.

Dis nie mooi hout vir meubels nie.

Dis nie reguit genoeg om latte van te sny nie.

'n Loot moet vrug dra.

'n Christen wil vir ander soveel doen en gee as wat hy van Christus ontvang het.

Soos Christus bid vir ons, wil die draer van die christen-naam ook bid vir andere.

Laastens hou Jesus ons op die pad wat Hy vir ons gemaak het as Christus.

Omdat ons die pad uit die moeras self leer ken het wat Christus gemaak het, moet ons wat aan Hom gebind is, help keer dat andere nie in die moeras ingly waarin ons was nie. Ons moet self ook elke dag worstel met die “waterloot” in onself wat maar elke keer niks anders as blare produseer nie.

Dis die christen-naam se betekenis:

- Nie waterlote nie, maar vrugdraende lote.
- 'n Loot deug alleen maar om vrugte te dra.
- Jy moet bly worstel met die “waterloot” in jou.

Ferdie Postma

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520. Tel. 23831.